19.2 RAPPORT 1: DEPUTATE CHRISTELIKE ONDERWYS – WEBBLAD, INLIGTING EN KOMMUNIKASIE

1. Opdrag

1.1 Hou die Deputate Christelike Onderwys se webblad in stand met fondse wat die Sinode beskikbaar stel (Acta 2012:217, 3.1).

1.2 Die Deputate die kerke en lidmate op hoogte bring van bestaande en nuwe inligting relevant tot Christelike Onderwys. Die Deputate word opdrag gegee om toepaslike, innoverende wyses te gebruik om die inligting oor te dra, insluitende die CO webblad, skrywes, artikels en elektroniese middele (Acta 2012:217, 3.2).

1.3 Die bestaande databasis met name van Gereformeerde onderwysers moet instand gehou word met die oog op deurgee van relevante inligting rakende Christelike onderwys (Acta 2012:217, 3.3).

1.4 Kerkrade word opgeroep om lidmate aan te moedig om hulself verkiesbaar te stel en om aan die verkiesingsproses van beheerliggame by skole deel te neem (Acta 2012:218, 3.4).

1.5 Kerkrade word opgeroep om Christenjongmense aan te moedig om hulself as Christenopvoeders te bekwaam. Hierin kan organisasies soos Aros en NWU van onskatbare waarde wees (Acta 2012:218, 3.5).

1.6 Kerkrade word opgeroep om Christelike waardes en etiese gedrag in gemeenskappe te probeer bevorder deur eie inisiatiewe, sodat die onderrig hiervan in skole meer effektief kan wees (Acta 2012:218, 3.6).

1.7 Kerkrade word opgeroep om skole, beheerliggame en onderwysers plaaslik te ondersteun deur vas te stel welke verdere hulp aan die skole binne hulle gemeentegrense verleen kan word (Acta 2012:218, 3.7)

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Die Deputate het gepoog om die webblad te aktiveer deur met vorige webmeesters te kontak by name dr HF van Wyk, mev Anneke van der Walt en mnr Pierre Joubert.

2.2 Met skakeling met die vorige webmeesters kon vorige data nie opspoor word nie.

2.3 Daar was wel ‘n CD bekom van Mari Kristen wat by ARSO werk. Die CD bestaan uit data oor ARSO skole, vergaderings en ander aktiwiteite.

2.4 Die Deputate het besluit om nie ‘n aparte CO webblad in werking te stel nie.

2.5 Die Deputate het die webblad weer inwerking gestel in samewerking met dr Wymie du Plessis en Anneke van der Walt by die GKSA Administratiewe Buro. Dit vorm dus deel van die GKSA se webblad.

2.6 Op die stadium is daar nie kostes verbonde aan die webblad vir Christelike Onderwys nie.

2.7 Die Deputate is besig om van vooraf ‘n databasis saam te stel met name van Christen opvoedkundiges.

2.8 Die databasis formaat vir Christelike onderwysers is deur die Administratiewe Bestuurder van die GKSA aan alle kerke in die GKSA gestuur sodat dit weer saamgestel kan word.

2.9 Kerke het reeds data begin voorsien met name van Christen opvoedkundiges onderwysers asook afgetrede onderwysers.

2.10 Die Deputate skakel met die Kerkrade om die inligting en gebruik van die webblad bekend te stel. In die brief word ook uitvoering gegee aan die opdragte soos vervat in 1.2-1.7

3. Sake waaroor die Sinode besluit

<u>Aanbevelings</u>

3.1 Die Deputate gaan voort om in samewerking met die GKSA se webblad, die CO-deputate se webblad deel te behartig.

3.2 Die Deputate besin van nuuts af wat die doel van hierdie databasis van Christen opvoedkundiges se doel moet wees. Nuwe inisiatiewe kan geneem word om die oorhoofse doel van die CO-deputate te bereik.

3.3 Die Deputate bring die gemeentes en lidmate op hoogte van bestaande en nuwe inligting relevant tot Christelike Onderwys.

3.4 Kerkrade word opgeroep:

3.4.1 om lidmate aan te moedig om hulself verkiesbaar te stel en om aan die verkiesingsproses van beheerliggame by skole deel te neem.

3.4.2 om Christenjongmense aan te moedig om hulself as Christenopvoeders te bekwaam. Hierin kan o.a. organisasies soos Aros en NWU van onskatbare waarde wees.

3.4.3 om Christelike waardes en etiese gedrag in gemeenskappe te probeer bevorder deur eie inisiatiewe, sodat die onderrig hiervan in skole meer effektief kan wees.

3.4.4 om skole, beheerliggame en onderwysers plaaslik te ondersteun deur vas te stel welke verdere hulp aan die skole binne hulle gemeentegrense verleen kan word.

Rapporteur: